

Vrygewige Genade

OM GOD SE WERK DEUR TRINITAS
TE ONDERSTEUN



Dra by om die Evangelie te bedien!



Ons is 'n *Verloste Familie Diensknegte wat Gestuur* is om die evangelie te bedien.

Ons begroting en uitgawes mik om dit te laat gebeur.

Sedert die samesmelting van drie gereformeerde kerke in Vanderbijlpark in 2009, het God ons tot by hierdie strategiese punt, tyd en plek gebring.

Dalk dink jy dat jou bydrae in 'n groot gemeente nie saak maak nie. Tog is die bediening van Trinitas 100% afhanklik van finansiële bydraes deur die hele Trinitas familie.

Ons wil ons huidige begroting laat werk, maar ook groter dinge aanpak waarvoor die Here ons in die toekoms mag roep.

Daarom vra ons vrymoedig dat almal wat Trinitas as hulle geestelike tuiste sien, 'n finansiële bydrae tot hierdie bediening sal maak, groot of klein.

Dankie dat jy die tyd neem om die ondersteuning van Trinitas te oorweeg

Waarom behoort ek te gee?



Die beginsels

Hier is drie beginsels wat ons kan help om op die regte manier te kyk na kerklike bydraes:

1. God, ryk in sy genade, het sy eie Seun vir ons gegee om vir ons te sterf. Met sulke onverdiende vrygewigheid behoort ons in reaksie ook vrygewig te wil wees. Gretig om te gee soos God, ...nie traag nie.

“Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: Hoewel hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word” - 2 Korintiërs 8:9

2. God besit reeds alles en ons is net rentmeesters daarvan. Dit beteken dat wat ons het, Hy in die eerste plek gegee het. Hy vra dan dat ons dit ook vir sy werk gebruik. So het ons die voorreg om aan sy werk in Vanderbijl deel te neem.

“Verder gaan dit [God se koninkryk] soos met ‘n man wat op reis wou gaan. Hy het sy slawe bymekaar geroep en sy besittings aan hulle toevertrou...” - Matteus 25:14

3. Jy mag nie gee omdat jy afgepers voel nie. Beplan en gee blymoedig. Dit behoort vir jou ‘n voorreg te wees.

“Hulle moet die dankoffer wat julle vroeër beloof het, vooraf in orde bring. Dan sal dit daar gereed wees as ‘n werklike offer van dankbaarheid, en nie as iets wat afgepers is nie... Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief” - 2 Korintiërs 9:5-7.

Hoeveel behoort ek te gee?



Die Ou Testament het 'n tiende (10%) voorgeskryf van alle opbrengs van die oes en die vee (Mal 3:8).

Die Nuwe Testament leer ons om in vertroue op God radikaal vrygewing te wees. Selfs tot die punt waar dit werklik voel soos 'n opoffering en nie maar net 'n afknyp van ekstras nie.

Beginsels oor bedrae:

- In die Nuwe Testament word daar nie 'n vaste voorskrif genoem nie, alhoewel baie die 10% steeds as riglyn sien.
- Min is baie. Jesus wys ons op die weduwee wat 'n paar munte in haar gebrek gee. In Sy oë is dit baie meer kosbaar as mense wat groter bedrae gee wat hulle nie eers voel nie. – *Markus 12:4-44*
- Moenie gee wat jy nie het nie.
“As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. God verwag nie wat jy nie het nie.” - 2 Korintiërs 8:12
- As jy 'baie' het behoort jy in proporsie meer te gee. – *2 Korintiërs 8:15.*
- Beplan dit en hou dit eenkant. – *2 Korintiërs 9:5*

Praktiese gedagtes:


- Stel 'n begroting op. Besluit hoeveel om vir die Here se werk te gee deur dit te vergelyk met wat jy op ander items spandeer. Maak daardie bedrag jou prioriteit voor ander uitgawes.
- Besluit dalk op 'n vaste persentasie van jou inkomste wat jy dan jaarliks aanpas na gelang van inflasie of jou finansiële situasie.
- Stel 'n aftrekorder op om te verseker dat jy nie vergeet nie.

***Offer op
Vrygewig
Met vreugde***

Hoe word my bydrae spandeer?



Ons begroting word een keer per jaar voorgehou rondom Februarie/Maart vir bespreking en insette van die gemeente.



Uitbreidingsfonds

Ons belê elke maand 10% van bydraes wat bo ons begrote inkomste is in 'n aparte uitbreidingsfonds. Dit word slegs aangewend vir uitreik na die gemeenskap en uitbreiding van die gemeente bydra. Hoe meer ons die begrote inkomste oorskry, hoe beter vaar die fonds.

Saad moet in die grond kom om te groei!

Diakonie

Die diakonale werk waardeur hulp aan lidmate verleen word en gemeente bande gestimuleer word, word nie uit hierdie kerklike bydraes gedra nie. Die diakonie samel in deur die liefdegawe tydens die erediens en deur skenkings te ontvang van lidmate.

Vrae en antwoorde



Is daardie ramings (heffings) aan die GKSA nodig?

Elke lidmaat in ons Trinitas familie wat geloofsbelydenis gedoen het bring 'n maandelikse heffing van R66.00 pm vir Trinitas mee. *Ongeag of jy enige kerklike bydrae maak*, moet die kerkraad hierdie bedrag maandeliks oorbetaal aan die kerkverband. Al die kerke in ons kerkverband het afgespreek om sekere werk saam te doen:

- Ons het 'n goeie teologiese skool met 10 professore en administratiewe en ondersteuningpersoneel.
- Ons het jaarliks omtrent 50 teologiese studente wat met beurse gehelp word.
- Ons het 103 afgetrede predikante, 69 weduwees en 10 wewenaars wat versorging nodig het.
- Administratiewe personeel om hierdie sake en finansies van die kerkverband te bestuur (Die Admin Buro in Potchefstroom). Hier is ook kostes soos drukwerk, reiskostes, instandhouding v geboue ens.
- Ons het jaarliks ongeveer 40 kerke wat finansiële ondersteuning kry

Ek gee reeds op soveel ander plekke, is dit nodig om vir die kerk te gee?

As jy enigsins baat by die bediening van jou plaaslike kerk behoort dit jou eerste plek van verantwoordelikheid te wees. Die plaaslike kerk is waar die werk van God in die wêreld begin deur dissipels te maak en elke lidmaat is geroep om dit te ondersteun.

Dit lyk of die kerk regkom, hoekom moet ek steeds iets gee?

Meestal is daar 'n tekort op die begroting wat met groot moeite en kommer opgelos moet word. Daar is ook elke jaar klomp dinge wat ons nie kan doen nie omdat ons binne die begroting moet bly. As die bydraes groei gaan dit beslis nie gemors word nie. Dit sal ons net in staat stel om nog 'n groter impak te kan maak met ons bediening.

Hoe kan ek bydra?



Oorweeg gerus die volgende riglyne:

- Enige bydrae, hoe gering ook al, is waardevol vir ons bediening.
- Om ten minste jou R66.00 pm heffing (raming) van die GKSA by te dra.
- Indien jy reeds die afgelope jaar bygedra het, jou bydraes jaarliks met 6% te verhoog indien dit moontlik is.
- Oorweeg 'n moontlike erflating uit jou boedel
- Gebruik die koeverte by die deure vir kontant en gooi dit in die sakkie.
- Stel 'n maandelikse aftrekorder op by jou bank.
- Stel Trinitas op as begunstigde op jou internetbank en stel 'n herhalende EFT op vir jou maandelikse bydrae.

ABSA Tjek Rekening

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas.

Rekening nommer: 530340449

***Mag ons saam die genade en
vreugde beleef om deur God
opgebou en gebruik te word in ons
gemeenskap... tot bewondering van
Hom***
